higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3

(8011003)

2 Desember 2024 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie eksamenvraestel bestaan uit 6 bladsye.

590Q1N2402

Kopiereg voorbehou

DEPARTEMENT VAN HOËR ONDERWYS EN OPLEIDING
REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)
STAATSBESTUUR
NKR VLAK 3
TYD: 3 UUR
PUNTE: 100

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Voltooi die volgende sinne deur ’n woord of woorde uit die lys hier onder te kies. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.1–1.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

primêre; topbestuur; provinsiale; samewerkende; munisipale; uitvoerende gesag; middelvlakbestuur; premier; regsprekende gesag; beleide; regulasies; wette; nasionale

1.1 Die Nasionale en Provinsiale Huise van Tradisionele Leiers versterk die (a) ... verhoudings binne die (b) ... en (c) ... regering. (3)

1.2 Die administratiewe vlak omvat daardie (a) ... werknemers wat (b) ... posisies beklee en hoofsaaklik verantwoordelik is vir die formulering van administratiewe (c) … (3)

1.3 Die WOFB is die (a) ... Wet wat deur die staat gepromulgeer is om breedvoerig die reëls en (b) ... wat met finansiële bestuur verband hou, te stipuleer. (2)

1.4 Artikel 125(1) van die Grondwet bepaal dat die (a) ... van ’n provinsie in die (b) ... van die provinsie gesetel is. (2)

[10]

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is deur slegs ‘Waar’ of ‘Onwaar’ langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.10) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1 Volgens Fox en Meyer (1995) kan ’n staat slegs funksioneer indien dit genoeg gesag, openbare ondersteuning en stabiliteit het om die begroting te handhaaf.

2.2 Telkom is ’n openbare entiteit wat onder die kommunikasiedienste- en telekommunikasiesektor val.

2.3 Die NHTL bestaan uit tradisionele leiers wat afgevaardigdes van die Provinsiale Huise van Tradisionele Leiers van Suid-Afrika is.

2.4 Die Grondwet beskryf die rol en funksies van beheerliggame van tradisionele leierskap.

2.5 Artikel 212 van die Grondwet bepaal dat nasionale wetgewing aangeneem kan word om vir die vestiging van ’n raad van tradisionele leiers voorsiening te maak.

2.6 Sektorpolisiëring en gemeenskapspolisiëring is dieselfde.

2.7 Daar word internasionaal erken dat misdaadvoorkoming ’n kwessie van strafregspleging is.

Kopiereg voorbehou

2.8 Veilige skool-programme is nie ’n vorm van maatskaplike misdaad-voorkoming nie.

2.9 Die konsep ‘staatsorgaan’ is die eerste keer as ’n grondwetlike konsep in die 1993 Grondwet bekendgestel, waar dit as enige statutêre lilggaam of funksionaris omskryf is.

2.10 SBO's word deur die Wet op Openbare Finansiële Bestuur 1 van 1999 asook die Maatskappywet 71 van 2008 gereël.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B om by ’n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Bewerk	A	om ’n posisie op grond van oorerwing te beklee
3.2	Voorkoms	B	om iets met ’n bepaalde gehalte te vul
3.3	Eskom	C	Hoofstuk 9-instelling
3.4	Erflik	D	misdrywe in ’n spesifieke tydperk gepleeg
3.5	Bewindhebber	E	vestig en ontwikkel
3.6	Misdaadneiging	F	openbare entiteit
3.7	Gemeenskapsveiligheidsforums	G	GPF
3.8	Ideologie	H	die mate waarin iets gebeur of ’n uitwerking het
3.9	Ouditeur-generaal	I	enige persoon wat in ’n tydelike hoedanigheid ’n tradisionele leier se leierskapsposisie beklee
3.10	Infuseer	J	’n stel oortuigings of beginsels waarop ’n politieke stelsel gegrond is
		K	GVF’s
		L	omskryf hoe ’n land bestuur word

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B:

VRAAG 4

4.1 Noem die TWEE kategorieë waarin die Grondwet openbare funksies verdeel. (2)

4.2 Bespreek die rol van die President ingevolge die Grondwet. (3)

4.3 Bespreek die verpligtinge van lede van die uitvoerende raad. (3)

4.4 Noem die TWEE primêre funksies van die munisipale raad. (2)

4.5 Noem die DRIE kategorieë van staatsgesag in Suid-Afrika. (3)

4.6 Verduidelik die funksies van die drie kategorieë van staatsgesag in Suid-Afrika. (5)

4.7 Gee TWEE tradisionele leierskapsposisies. (2)
[20]

TOTAAL AFDELING B: 20

AFDELING C

VRAAG 5

In Suid-Afrika tree die staat op verskillende vlakke en sfere op, elk met duidelike rolle en verantwoordelikhede wat op effektiewe dienslewering aan sy burgers gerig is. Dit is noodsaaklik om te verstaan hoe hulle afsonderlik en tesame funksioneer ten einde die fokusareas van die staat en staatsorgane binne elke sfeer te begryp.

5.1 Wat moet alle staatsorgane in elke sfeer ingevolge artikel 41 van die Grondwet doen? (5)

5.2 Wei spesifiek uit oor hoe die staat en staatsorgane met mekaar kan saamwerk. (5)
[10]

VRAAG 6

Om die staatstruktuur te verstaan, behels om te onderskei tussen verskillende tipes instellings wat unieke rolle in staatsbestuur en dienslewering speel. Niedepartementele instellings en staatsdepartemente is twee sleutelkategorieë binne hierdie struktuur, elk met onderskeidende eienskappe en funksies.

6.1 Verduidelik hoe niedepartementele instellings en staatsdepartemente van mekaar verskil. (6)

6.2 Lys die tipes niedepartementele instellings. (4)
[10]

Kopiereg voorbehou

VRAAG 7

In Suid-Afrika word nasionale en provinsiale verkiesings elke vyf jaar gehou. Hierdie verkiesings bepaal die samestelling van die Nasionale Vergadering en die provinsiale wetgewers. Suid-Afrika het op 29 Mei 2024 gestem, en die uitslae het tot die totstandkoming van 'n Regering van Nasionale Eenheid gelei. Nadat Suid-Afrikaners gestem het, was dit tyd om die president te verkies.

7.1 Sit die prosedures van die President se verkiesing uiteen. (6)

7.2 Verdiodelik wat gebeur indien meer as een kandidaat vir die amp van president genomineer word. (4)

[10]

TOTAAL AFDELING C: 30

AFDELING D

VRAAG 8

Ingevolge die 1996-Grondwet en die Wet op die Suid-Afrikaanse Polisiediens is een van die pligte van die Suid-Afrikaanse Polisiediens die voorkoming en bestryding van misdaad.

Bespreek kortliks die benaderings tot misdaadbestryding deur inagneming van die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030.

Gebruik die volgende opskrifte om jou antwoord te struktureer:

- Oorsig van benaderings tot misdaadbestryding
- George Fivaz se perspektief
- Nasionale Ontwikkelingsplan 2023 en sleutelpunte vir vestiging van veiliger gemeenskappe

[20]

TOTAAL AFDELING D: 20
GROOTTOTAAL 100

Kopiereg voorbehou